Met die uitsondering van die vierde kwartaal van 1967, het lopende owerheidsbesteding gedurende elk van die kwartale sedert die eerste kwartaal van 1967 skerp gestyg. Die aansienlike toename gedurende die derde kwartaal van 1968 kan egter in 'n groot mate



toegeskryf word aan die hoër bonusbetalings aan sentrale en provinsiale regeringsamptenare.

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal gestyg het, het totale vaste investering gedurende die tweede en derde kwartale bykans geen verandering getoon nie. Vaste investering deur openbare owerhede het gedurende die derde kwartaal slegs effens toegeneem terwyl kapitaalbesteding deur openbare korporasies min verandering getoon het. Toenames in vaste investering gedurende die derde kwartaal deur die landbou en die handel in die private sektor is meer as geneutraliseer deur afnames aangeteken in die mynbou en die fabriekswese, met die gevolg dat private vaste investering vir die vierde opeenvolgende kwartaal gedaal het.

Totale voorraadinvestering het vir die tweede opeenvolgende kwartaal 'n aansienlike negatiewe syfer getoon en dit het veroorsaak dat die bruto binnelandse besteding slegs matig toegeneem het nitemstaande aansienlike toenames in sekere van sy belangrikste komponente. Alhoewel 'n afname in landbouvoorraad in hoofsaak hieroor verantwoordelik was, het handels- en nywerheidsvoorraad gedurende die tweede en derde kwartale ook afgeneem.

Produksie en werkverskaffing

Gedurende die eerste sewe maande van 1968 het die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie weer opwaarts beweeg na 'nvlak wat 3·3 persent hoër was as gedurende die laaste helfte van 1967; produksie van nie-duursame goedere het met 4·6 persent gestyg en dié van duursame goedere met 1·6 persent. Die seisoensaangesuiwerde waarde van onvoltooide bestellings vir gekose nywerheidsgroepe het voortgegaan om tot Julie vanjaar te styg. Tussen Desember 1967 en Julie 1968 het werkverskaffing in fabriekswese stadig toegeneem teen 'n jaarlikse koers van slegs 0·3 persent.

Gedurende die derde kwartaal van 1968 het goudproduksie voortgegaan op die relatief hoë vlak van die voorafgaande twee kwartale. Ander mynbouproduksie, wat aansienlik toegeneem het gedurende die eerste helfte van die jaar, het aangehou om teen ongeveer



Seisoensinvloed uitgeskakel. Driemaandelikse bewegende gemiddelde

toegeskryf word aan die hoër bonusbetalings aan sentrale en provinsiale regeringsamptenare.


Nadat dit gedurende die eerste kwartaal gestyg het, het totale vaste investering gedurende die tweede en derde kwartale bykans geen verandering getoon nie. Vaste investering deur openbare owerhede het gedurende die derde kwartaal slegs effens toegeneem terwyl kapitaalbesteding deur openbare korporasies min verandering getoon het. Toenames in vaste investering gedurende die derde kwartaal deur die landbou en die handel in die private sektor is meer as geneutraliseer deur afnames aangeteken in die mynbou en die fabriekswese, met die gevolg dat private vaste investering vir die vierde opeenvolgende kwartaal gedaal het.

Totale voorraadinvestering het vir die tweede opeenvolgende kwartaal 'n aansienlike negatiewe syfer getoon en dit het veroorsaak dat die bruto binnelandse besteding slegs matig toegeneem het nitemstaande aansienlike toenames in sekere van sy belangrikste komponente. Alhoewel 'n afname in landbouvoorraad in hoofsaak hieroor verantwoordelik was, het handels- en nywerheidsvoorraad gedurende die tweede en derde kwartale ook afgeneem.

Produksie en werkverskaffing

Gedurende die eerste sewe maande van 1968 het die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie weer opwaarts beweeg na 'nvlak wat 3·3 persent hoër was as gedurende die laaste helfte van 1967; produksie van nie-duursame goedere het met 4·6 persent gestyg en dié van duursame goedere met 1·6 persent. Die seisoensaangesuiwerde waarde van onvoltooide bestellings vir gekose nywerheidsgroepe het voortgegaan om tot Julie vanjaar te styg. Tussen Desember 1967 en Julie 1968 het werkverskaffing in fabriekswese stadig toegeneem teen 'n jaarlikse koers van slegs 0·3 persent.

Gedurende die derde kwartaal van 1968 het goudproduksie voortgegaan op die relatief hoë vlak van die voorafgaande twee kwartale. Ander mynbouproduksie, wat aansienlik toegeneem het gedurende die eerste helfte van die jaar, het aangehou om teen ongeveer



dieselfde koers gedurende die derde kwartaal te styg. Koper en diamante was hoofsaaklik vir hierdie toename verantwoordelik.


Die seisoensaangesuiwerde indeks (1958=100) van geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate het min of meer konsekwent van 82·4 in Desember 1967 tot 69·9 in Oktober 1968, gedaal.

Algemene ekonomiese aanwysers

Ander aanwysers van reële ekonomiese aktiwiteit, afgesien van die produksiereekse hierbo genoem, bevestig die matige maar besliste herlewing in ekonomiese aktiwiteit. Die jongste gegewens toon verdere toenames in die aantal motors en handelsvoertuie verkoop, kleinhandels- en groothandelsverkope, spoorweginkomste, die produksie van verpakkingsmateriaal, die verbruik van staal, vaste eiendomstransaksies en bankdebiteringe, terwyl die invoer ook gedurende Oktober gestyg het.

Pryse

Die verlangsamming in ekonomiese aktiwiteit gedurende die tweede helfte van 1967 en die daaropvolgende



herlewing gedurende die verloop van hierdie jaar, het saamgeval met 'n verandering in die gedrag van verbruikerspryse. Nadat die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks teen 'n jaarkoers van slegs 0·3 persent gedurende die laaste helfte van 1967 toegeneem het, het dit na 'n koers van 2·4 persent gedurende die eerste tien maande van 1968 versnel. Hierdie verandering kan grootliks toegeskryf word aan veranderings in voedselprysse, waar 'n daling van 1·6 persent per jaar in die eerste tydperk gevvolg is deur 'n toename teen 'n jaarkoers van 2·4 persent gedurende die tweede tydperk.

Verbruikersprysindeks—seisoensinvloed uitgeskakel Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Voed-sel	Behui-sing en ver-wante items	Ander			Totaal
			Ander	Totaal	Totaal	
Des. 1964–Junie 1967	3·6	3·6	3·4	3·5	3·5	
Junie 1967–Des. 1967	-1·6	1·6	0·8	1·2	0·3	
Des. 1967–Okt. 1968	2·4	2·2	2·3	2·3	2·4	

Gedurende die eerste tien maande van 1968 het die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse teen die relatief lae koers van 1·1 persent per jaar toegeneem. Die betreklike klein toenames in die prys van Suid-Afrikaans-vervaardigde en ingevoerde goedere, met jaarkoerse van slegs 0·7 en 0·6 persent onderskeidelik, is in sterk teenstelling met die skerp styging van 4·1 persent per jaar in die prys van landbou-, bosbou- en visseryprodukte, alhoewel daar op gelet moet word dat hierdie prys slegs na vorige vlakte teruggekeer het, en dat gedurende die laaste nege maande tot Oktober die indeks so te sê geen verandering getoon het nie.

Groothandelsprysindeks—seisoensinvloed uitgeskakel Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Goedere geprodu-seer in S.A.			Inge-voerde goe-dere	Totaal
	Land-bou, ens.	Fa-brieks-wese	Totaal		
Des. 1964–Junie 1967	5·2	3·2	3·6	2·2	3·2
Junie 1967–Des. 1967	-10·6	1·4	-0·8	1·0	-0·3
Des. 1967–Okt. 1968	4·1	0·7	1·2	0·6	1·1


Betalingsbalans

Oorskot op lopende rekening

Invoer en uitvoer het gedurende die derde kwartaal ongeveer die peile wat gedurende die eerste en tweede kwartale bereik is, gehandhaaf en die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het, insgelyks byna geen verandering getoon nie; die syfers vir die opeenvolgende kwartale was R44 miljoen, R41 miljoen en R42 miljoen. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening effens afgeneem vanaf R207 miljoen in die eerste tot R189 miljoen in die tweede kwartaal voordat dit weer tot R200 miljoen in die derde kwartaal toegeneem het.

Verdere netto invloeiing van kapitaal

Alhoewel 'n verdere netto invloeiing van kapitaal gedurende die derde kwartaal aangeteken is, was dit minder as die groot invloeiinge wat in die eerste twee kwartale van die jaar plaasgevind het. Totale netto private kapitaalinvloeiing, insluitende foute en onaangetekende transaksies, wat R108 miljoen in die eerste en R112 miljoen in die tweede kwartaal beloop het, het afgeneem tot ongeveer R44 miljoen in die derde kwartaal. Van hierdie netto private kapitaalinvloeiinge gedurende die eerste drie kwartale, is R36 miljoen, R25 miljoen en R20 miljoen onderskeidelik deur die netto aankope deur buitelanders van effekte genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs verantwoord. In teenstelling met die verandering in die netto private kapitaalbewegings het die netto invloeiing van sentrale regerings-



en bankkapitaal toegeneem vanaf R17 miljoen in die tweede kwartaal tot R25 miljoen in die derde kwartaal.




Vir die eerste drie kwartale van 1968 het die opgehopte totale netto kapitaalinvloeiing nie minder nie as R325 miljoen bedra vergeleke met R169 miljoen gedurende 1967 as geheel.

Goud- en buitelandse valutareserwes

Totale goud- en buitelandse valutareserwes gehou deur die Reserwebank, die Regering en die res van die banksektor het gedurende die derde kwartaal met 'n verdere R111 miljoen toegeneem, wat die totale toename gedurende die eerste drie kwartale van die jaar op nie minder nie as R452 miljoen te staan bring. Terwyl die totale goud- en buitelandse valutareserwes egter gedurende Julie en Augustus nog met R77 miljoen en R43 miljoen onderskeidelik toegeneem het, het dit gedurende September met R9 miljoen gedaal, die eerste maandelikse daling wat sedert Augustus 1967 aangeteken is.

Die toename van R111 miljoen in die reserwes gedurende die derde kwartaal is verantwoord deur 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans van R42 miljoen, 'n netto invloeiing van sentrale regerings- en bankkapitaal van R25 miljoen en 'n netto invloeiing van private kapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, van R44 miljoen.

Gedurende Oktober het die totale goud en buitelandse valutareserwes weer met ongeveer R30 miljoen toegeneem. Aangesien die invoer gedurende Oktober toegeneem het terwyl die uitvoer 'n geringe daling getoon het, wil dit voorkom asof daar gedurende dié maand 'n verdere aansienlike netto invloeiing van kapitaal was.



Monetêre en banktoestand

Rekord styging in geld en kwasi-geld

Die likwiditeit van private sake-ondernehemings en individue, gemeet volgens die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld in omloop, het gedurende die derde kwartaal van 1968 voortgegaan om vinniger toe te neem as die produksie van goedere en dienste. As gevolg hiervan het die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk vanaf 30·1 persent in die tweede kwartaal tot 30·7 persent in die derde kwartaal van 1968 gestyg. Hierdie verhoudings kan vergelyk word met 'n gemiddelde verhouding van tussen 26 en 27 persent oor die tydperk 1956 tot 1967.



Die bygaande tabel toon dat die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld, wat in die vierde kwartaal van 1967 vinniger begin styg het, gedurende 1968 selfs nog vinniger gestyg het, en gedurende die derde kwartaal van die jaar 'n toename van R175 miljoen getoon het. Gedurende die twaalf maande geëindig September 1968 het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld in werklikheid met R557 miljoen, of met 21 persent, gestyg.

Veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene

Tydperk	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel
1967: 3de kwartaal	3	11
4de kwartaal	186	87
1968: 1ste kwartaal	-23	146
2de kwartaal	228	149
3de kwartaal	166	175

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die vinnige styging in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1968 het, sowel voor as ná uitskakeling van die seisoensinvloed, voorgekom ten spyte van 'n heelwat kleiner, alhoewel nog steeds aan-


sienlike, styging in die netto goud- en buitelandse valutareserwes. Soos in die bygaande tabel getoon word, was die belangrikste enkele faktor wat die versnelde styging in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1968 verklaar, in werklikheid die toename van meer as R100 miljoen in die eise van die banksektor teen die private nie-banksektor. Die gesamentlike uitwerking van die styging in die goud- en buitelandse valutareserwes en die verlening van krediet aan private sake-ondernehemings en individue is slegs in betreklik geringe mate deur 'n daling in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor geneutraliseer. Langtermyndeposito's het ook gedurende die derde kwartaal gedaal.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

	Eerste helfte van 1968	Derde kwartaal van 1968			
		Julie	Aug.	Sep.	Totaal
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	317	95	-3	-7	86
Eise teen die regeringsektor:					
Eise	90	74	-15	34	93
Deposito's (toename -, afname +)	-243	-154	18	-11	-148
Netto eise	-153	-80	3	22	-55
Eise teen die private sektor	72	24	37	48	109
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-72	-21	10	41	30
Ander bates en laste	41	-18	5	9	-4
Total verandering in geld en kwasi-geld	205	—	52	113	166

Alhoewel veranderings in die syfers vir afsonderlike maande altyd versigtig vertolk moet word, dui 'n nadere beskouing van die oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld gedurende die eerste helfte van 1968 en die afsonderlike maande van die derde kwartaal nietemin daarop dat daar sedert Augustus 'n verandering ingetree het in die rol wat deur die verskillende 'oorsake' gespeel word. Tot Julie was die vinnige toename in geld en kwasi-geld hoofsaaklik die gevolg van 'n baie vinnige styging in die goud- en buitelandse valutareserwes tesame met 'n betreklik matige styging in die eise teen die private nie-banksektor, wat gesamentlik slegs ten dele deur 'n daling in die netto eise teen die regeringsektor en 'n styging in langtermyndeposito's geneutraliseer kon word. Gedurende Augustus en September het hierdie toestand verander toe die aansienlike styging in geld en kwasi-geld veroorsaak is deur 'n versnelde toename in die eise teen die private nie-banksektor tesame met 'n styging in die eise teen die regeringsektor en 'n daling in langtermyndeposito's, terwyl die goud- en valutareserwes 'n geringe negatiewe invloed uitgeoefen het. Dit kan verder opgemerk




word dat hierdie veranderings ook ná uitskakeling van die seisoensinvloed waarneembaar is.

Met betrekking tot die toename in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende Augustus en September kan opgemerk word dat dit gedurende Augustus grotendeels die gevolg was van 'n daling in regeringsdeposito's, terwyl die regeringsdeposito's gedurende September aanmerklik minder gestyg het as die banksektor se besit aan staatseffekte en skatkiswissels. Vanaf die einde van September tot 15 November het die banksektor se besit aan staats-effekte en skatkiswissels met R35 miljoen toegeneem, wat, tesame met 'n daling van R29 miljoen in regeringsdeposito's by die Reserwebank en die NFK, tot 'n verdere toename van R64 miljoen in die netto besit van die banksektor aan staatseffekte en skatkiswissels gelei het.

Bankkrediet aan die private sektor

In teenstelling met verwikkelinge gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1968 het die toename in eise van die banksektor teen die private nie-banksektor gedurende die derde kwartaal van 1968 bestaan uit toenames in alle soorte krediet verleent deur alle groepe monetêre bankinstellings. Die bygaande tabel toon die betreklike groot aandeel, gedurende die derde kwartaal, van nuwe diskonteringe en voorskotte verleent deur aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke in die totaal van diskonteringe en voorskotte, teenoor die baie beskeie aandeel van die handelsbanke wat gedurende die eerste kwartaal die belangrikste bydrae gemaak het. Die betreklike klein toename van R7 miljoen in die diskonteringe en voorskotte van handels-



Veranderings in eise teen die private nie-banksektor, 1968
Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie
R miljoene

	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Eise van:			
Reserwebank, N.F.K. en diskontohuise	-11	-6	18
Landbank	-59	-26	40
Handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke:			
Deposito's	3	6	10
Beleggings	35	44	5
Diskonteringe en voorskotte van:			
Handelsbanke	87	-5	7
Aksepbanke	-2	—	14
Huurkoop- en algemene banke	5	-1	15
Subtotaal	90	-5	36
Totaal	60	12	109

banke gedurende die derde kwartaal het egter beduidend meer as dit bedra nadat vir seisoensfaktore voorsiening gemaak is, terwyl die toename van R40 miljoen in die kaskrediete van die Landbank geheel en al 'n seisoentename was. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed het die totale eise van die banksektor teen die private nie-banksektor gedurende die derde kwartaal van 1968 met R124 miljoen toegeneem.

Oorskot likwiditeit van die banke

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die verdere vinnige styging in die likwiditeit van die private nie-banksektor gedurende die derde kwartaal, behalwe in die geval van monetêre huurkoop- en algemene banke, nie met 'n eweredige styging in die oorskot likwiditeit van die monetêre bankinstellings gepaard gegaan nie. In werklikheid het die oorskot likwiede bate-verhoudings van handelsbanke en aksepbanke gedurende Julie gedaal en daarna gedurende die derde kwartaal en Oktober betreklik bestendig gebly, terwyl dié van monetêre huurkoop- en algemene banke in September skerp gestyg het voordat dit in Oktober weer tot ongeveer dieselfde peil as in Junie gedaal het. Aan die einde van Oktober het die oorskot likwiede bates van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke onderskeidelik R276 miljoen, R41 miljoen en R107 miljoen bedra.

Oorskot likwiede bate-verhoudings (%)*

	1968				
	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.
Handelsbanke	12·6	10·5	10·4	10·7	9·9
Aksepbanke	14·4	10·7	12·4	11·5	11·3
Monetêre huurkoop- en algemene banke . . .	12·6	10·4	11·4	15·1	12·3

*d.w.s. die bedrag waarmee likwiede bates die voorgeskrewe minimum oorskry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale verpligte teenoor die publiek.

Korttermynrentekoerse

Ná die verlaging van die Bankkoers van 6 tot $5\frac{1}{2}$ persent op 27 Augustus het korttermynrentekoerse verder afwaarts beweeg en het bankinstellings die meeste van hul depositokoerse en koerse op oortrokke bankrekenings met $\frac{1}{2}$ persent verlaag. Die bouverenigings het ook in September hul koers op belastingvrye aandele van $6\frac{1}{2}$ na 6 persent aangepas. Ooreenkomsdig hierdie afwaartse hersienings van rentekoerse het die Reserwebank met ingang 19 September sy 'stel' rentekoerse op staatseffekte met 'n looptyd van 3 jaar met $\frac{1}{4}$ persent tot 5 persent verlaag en ook afwaartse aanpassings in sy koerse op sekere kort- en middeltermynneffekte aangebring, terwyl die koers van $6\frac{1}{2}$ persent op effekte met 'n looptyd van 25 jaar behou is.

Die skatkiswisseltenderkoers, wat vanaf 5·00 persent op 2 Augustus tot die betreklik lae peil van 4·61 persent op 4 Oktober gedaal het, het daarna weer gestyg en op 8 November 4·76 persent bereik, waarop dit vir drie opeenvolgende weke bly staan het. Die styging in die skatkiswisseltenderkoers sedert 4 Oktober kon nie verbind word met 'n algemene vernouing van die toestand op die geldmark nie maar was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in die diskontohuise se besit aan Landbankwissels.

Staatsfinansies

Gedurende die derde kwartaal van 1968 het die totale tekort (uitgesonderd lenings) op die Skatkisrekening R71 miljoen bedra wat aansienlik meer as die tekort van R10 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van 1967 was. Die groter tekort was toe te skryf aan die feit dat regeringsuitgawes (soos weerspieël deur uitreikings op die Skatkisrekening) gedurende die derde kwartaal van 1968 heelwat hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk verlede jaar was, terwyl ontvangste slegs effens hoër was. Soos aangetoon in die bygaande tabel, het hierdie neiging reeds gedurende die tweede kwartaal vanjaar duidelik geword en gedurende die eerste helfte van die lopende boekjaar, d.w.s. vanaf April tot September 1968, was totale ontvangste gelyk aan R810 miljoen, vergeleke met R807 miljoen gedurende die eerste helfte van die 1967/68-boekjaar, terwyl skatkisuitreikings onderskeidelik R947 miljoen en R851 miljoen gedurende hierdie twee tydperke bedra het. Totale skatkisuitreikings gedurende die eerste helfte van die lopende boekjaar was dus 11 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande boekjaar.

Nieteenstaande die betreklike groot tekort op die Skatkisrekening gedurende die derde kwartaal van 1968, was die suksesvolle leningstransaksies van die Tesourie in hoofsaak vir 'n vermindering van R70 miljoen in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor verantwoordelik. Hierdie gunstige verwikkeling in die financiering van die Skatkis se

Skatkisfinansies

R miljoene

	1967/8	1968	1968/9	
	1ste helfte	Apr./Jun.	Jul./Sep.	1ste helfte
Totale uitreikings, uitgesonderd lenings	851	405	542	947
Totale ontvangste, uitgesonderd lenings	807	339	471	810
Totale tekort, uitgesonderd lenings	44	66	71	137
Finansiering:				
Verandering in netto skuldposisie teenoor:				
Buitelandse sektor	-32	12	7	18
Staatskuldkommissaris	36	136	13	149
Private nie-banksektor	75	71	122	192
Sub-totaal	78	219	141	360
Monetêre banksektor:				
Verandering in besit aan staatspapier	127	87	67	153
Verandering in skatkissaldo (toename -, afname +)	-162	-240*	-136*	-376*
Sub-totaal	-35	-153	-70	-223
Totale finansiering	44	66	71	137

*Na aansuiwing vir die belegging in die buiteland van die opbrengs van buitelandse lenings en vir oordragte na die Stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening t.o.v. super-goud-tranche-trekings.



tekort, wat 'n voortsetting van die neiging gedurende die afgelope twee jaar verteenwoordig het, was grootendeels aan die Tesourie se suksesvolle lenings van die private nie-banksektor gedurende die derde kwartaal van 1968 toe te skryf, wat bestaan het uit ontvangste van R29 miljoen in die vorm van leningsheffings, 'n toename van R55 miljoen in hierdie sektor se besit aan bemarkbare effekte en skatkiswissels en 'n bedrag van R38 miljoen wat deur uitreikings van belastingvrye Tesourie-obligasies verkry is.

Hoewel die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R70 miljoen gedurende die derde kwartaal as geheel afgeneem het, het sy netto skuldposisie in werklikheid met R43 miljoen gedurende September toegeneem. Hierdie toename was gedeeltelik toe te skryf aan 'n daling van R12 miljoen in saldo's by die banksektor.

Kapitaalmark

Aandelemark

Die oormatige likwiditeit in die volkshuishouding het aangehou om die bedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs te vergemaklik en te stimuleer en, ná 'n tydelike daling gedurende Julie, het die omset aansienlik toegeneem en die pryse van die meeste klasse van



aandele tot nuwe rekordhoogtes gedurende Augustus en September gestyg. Hierdie verwikkelinge het plaasgevind niteenstaande die groot toevloeiing tot die beskikbare voorraad aandelebewyse deur nuwe uitgifte van aandele op die effektebeurs wat, soos in die bygaande tabel aangetoon word, nie minder nie as R96 miljoen gedurende die derde kwartaal bedra het. Die aanvraag na hierdie nuwe uitgifte was egter so groot dat hulle in 'n aansienlike mate oorvolteken was.

Nuwe uitgifte van aandele R miljoene

1967 – 3de kwartaal	34
– 4de kwartaal	26
1968 – 1ste kwartaal	12
– 2de kwartaal	80
– 3de kwartaal	96


Die verdere styging in aandelepryse was tot die finansiële, nywerheids- en handelsafdelings van die mark beperk en het tot 'n verdere daling in opbrengskoerse gelei. So byvoorbeeld, het die gemiddelde opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele vanaf 3·8 persent in Junie tot 3·6 persent in September gedaal, wat die omgekeerde rendementsgaping tot 2·9 persent vergroot het. Teen die einde van Oktober en gedurende November het 'n redelik algemene afwaartse aanpassing in aandelepryse voorgekom. Werklike afnames het gedurende Oktober in die prys van finansiële mynaandele voorgekom, maar in die geval van finansiële nywerheidsaandele en van nywerheids- en handelsaandele was die opwaartse beweging van prys, vóór die begin van die afwaartse neiging, sterk genoeg om 'n aanmerklike verdere styging in prys gedurende hierdie maand teeweeg te bring. Hoewel amptelike statistiek nog nie beskikbaar is nie, wil dit voorkom asof ook hierdie aandelepryse gedurende November afwaarts beweeg het.

In teenstelling met die beweging van ander aandelepryse gedurende die derde kwartaal, het die prys van goudmynaandele gedurende Julie en Augustus gedaal en toe gedurende September effens herstel. Gedurende Oktober het 'n aansienlike afname in prys plaasgevind. In hierdie omstandighede het die gemiddelde opbrengskoers op hierdie aandele vanaf 6·6 persent in Junie tot 7·5 persent in Oktober toegeneem. Hoewel gegewens vir November nog nie beskikbaar is nie, wil dit voorkom asof die prys van goudmynaandele teen die middel van November aanmerklik herstel het as gevolg van 'n nuwe vlaag van onsekerheid oor internasionale geld eenhede.

Effektetrusts

In ooreenstemming met verwikkelinge in die aandelemark, het die totale toevloeiing van nuwe fondse na die effektetrusts, wat 'n dalende neiging vanaf Mei 1968 getoon het, gedurende September weer opwaarts begin

beweeg en netto verkope van onderaandele aan die publiek op R46 miljoen vir die derde kwartaal te staan gebring, vergeleke met die rekordsyfer van R54 miljoen vir die tweede kwartaal. As gevolg van die skerp styging in aandelepryse, het die markwaarde van die effektetrusts se netto bates gedurende die derde kwartaal met aansienlik meer as die bedrag wat by hulle belê is,



*Die uitgifte van hierdie obligasies is gestaak op 14 September.

toegeneem, naamlik met R75 miljoen tot R283 miljoen aan die einde van September. Die toename in die markwaarde van hulle portefeuljes het natuurlik 'n styging in die verkooppryse van onderaandele tot gevolg gehad en die gekombineerde indeks van hierdie prysse (Junie 1965=100) het op 204 in September te staan gekom, vergeleke met 183 in Junie 1968. Hierdie verdere toename in verkooppryse het die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele vanaf 2·4 persent in Junie tot 2·1 persent in September verminder.

Die mark vir vaste-rentedraende effekte

Nieteenstaande die groot bedrae wat aan die kapitaalmark deur die uitreiking van aandele onttrek is en die sterk vraag van beleggers na aandele, was uitgifte van staats- en munisipale effekte teen die heersende opbrengskoerse besonder suksesvol gedurende die derde kwartaal. Kontantinskrywings op twee staatslenings gedurende Julie het R114 miljoen bedra, terwyl drie munisipale lenings ten bedrae van R28 miljoen wat gedurende Augustus en September uitgeskryf is, inskrywings van R74 miljoen, of 2·6 keer die bedrag wat vir inskrywing aangebied is, getrek het.

Gedurende Oktober het Evkom lenings van R70 miljoen teen 'n effens verlaagde opbrengskoers van 7·2 persent, teenoor $7\frac{1}{4}$ persent op die munisipale lenings, uitgeskryf en het inskrywings ten bedrae van R105 miljoen ontvang. Opbrengskoerse op nuwe uitgifte van skuldbriewe van maatskappye wat gedurende die derde kwartaal aangekondig is, is ook effens verlaag vanaf die vlak van $8\frac{1}{2}$ persent wat voorheen gegeld het.

Bouverenigings

Die groter toevloeiing van fondse na die bouverenigings het gedurende die derde kwartaal voortgeduur en het R81 miljoen bedra wat feitlik dubbeld soveel as die ooreenstemmende bedrag gedurende die voorafgaande kwartaal was. Hierdie uitbreiding van hulle middele gedurende die derde kwartaal is teweeggebring deur toenames van R25 miljoen in sowel vaste deposito's as nuwe kontantbeleggings in belastingvrye aandele en toevoegings van onderskeidelik R19 miljoen en R12 miljoen tot spaardeposito's en ander aandele.

Die verbeterde posisie van die bouverenigings is ook in 'n toename van R42 miljoen in hulle uitstaande verband- en ander lenings gedurende die derde kwartaal weerspieël, terwyl die veel groter toename in hul middele hulle in staat gestel het om R27 miljoen tot hul likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings te voeg. Gevolglik het die bouverenigings, sover dit hulle statutêre verpligtings aangaan, hulle in 'n gemakklike posisie bevind en hulle besit aan voorgeskrewe beleggings bo die statutêre minimum het R124 miljoen aan die einde van September 1968 bedra.